



## Kirsten is Sportvrou van die Jaar

Kirsten McCann is verlede week as Tuks se Sportvrou van die Jaar aangewys vir haar vertoning in die Wêreld-roelbyeenkoms in Florida in die VSA waar sy die enkel liggewig skul-wedvaart vir vroue gewen het. Akani Simbine, wat vanjaar in die 100 m sowel as die 200 m tussen die voorste vyf vinnigste atlete in die wêreld tel, is as Tuks se Sportman van die Jaar aangewys. Inky Zondi wat die vroue-hokkiespan gehelp het om die Varsity-reeks asook die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi te wen, is die Afrigter van die Jaar. Nicole van Wyk, wat 'n bronsmedalje op die Wêreld o.23-byeenkoms gewen het, is die Studente Sportvrou van die Jaar, terwyl Thando Roto, wat 'n silwermedalje in die 100 m op die Wêreld Studentespele gewen het, die Studente Sportman van die Jaar is. Tuks Roei is as die beste sportklub aangewys. Llewellyn van Leeuwen (Tuks Gholf) is die beste afrigter in 'n individuele sport.

Foto: REG CALDECOTT